Milan Potgieter

Graad 7

Laerskool Randhart

Tema: Die beste medisyne is lekker lag

Onderwerp: Die stem in die heining

**Die stem in die heining**

April 2020.
Sweetdruppels op my voorkop. Doringdraad in my keel. Kug-kug in my bors. Tannie Korona het my gepootjie, geboei en in my kamer toegesluit. Ure word dae wat verby sleep soos taai stroop. Die stilte skree harder as my gedagtes. Ek staar deur my kamervenster na die groen heining tussen ons en die bure.
Die blare begin ritsel…

Skielik verskyn twee hemelblou oë tussen die takke. “Pssst!” fluister ’n stem. “Ek dink jy het geselskap nodig. Ek’s Joshua, buurman en grapmaker.”
“Wel, ’n pratende heining is nie snaaks nie, maar geselskap is welkom,” antwoord ek bang-nuuskierig. Die heining word ’n geheime brug tussen twee wêrelde. Ek en Joshua gesels elke dag soos ou vriende. Hy vertel lawwe grappe. Ek lag en lag…en lag myself binne ’n paar dae gesond.

Met ’n dankbare hart stap ek tot by die bure se voordeur om my nuwe maat van nader te ontmoet. Die deur kraak oop en ’n ou tannie verskyn. “Joshua?” vra ek onseker. Sy antwoord: “Joshua was my seun. Hy is vyftig jaar gelede oorlede. ’n Bynes in die heining…hy was allergies.”
Ek is yskoud, maar ek glimlag deur my trane. Ek kyk na die heining.
Die blare begin ritsel…

Aantal woorde: 200